

30 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 1:8-17 (OAV)

Fokusgedeelte: Romeine 1:17

Alles genade, alleen deur die geloof

Hoe wonderlik moes dit nie gewees het nie, daardie dag toe hierdie brief in Rome afgelewer is, geskryf aan 'n gemeente wat die grootste denkbare vervolging verduur het (vgl. 8:35).

In hierdie omstandighede bring hierdie brief die evangelie van die Seun van God (vs. 3) met die tema: Die gelowige word geregverdig (in die regte verhouding met God gestel, met God versoen) deur die geloof in die evangelie van Jesus Christus. En so ontvang hy/sy die ewige lewe. In die woorde van ons teks: "Want die geregtigheid van God word daarin (in die evangelie) geopenbaar uit geloof tot geloof." Ons het die oordeel van God verdien. Maar Christus het vir ons die geregtigheid verwerf. En nou skenk God dit aan ons sonder enige verdienste, alleen uit genade. Of, soos dit in ons teks staan: uit geloof tot geloof.

Om uit genade gered te word en om deur die geloof gered te word, is presies dieselfde, want geloof is 'n gawe van God. Dit staan teenoor die dwaling dat die mens 'n bydrae tot sy/haar saligheid kan lewer. Uit geloof tot geloof beteken: Die begin van die pad is die geloof. En die einde van die pad is die geloof. En wat daartussen lê, is die lewe van die geloof met sy dieptes en hoogtes, sy donkerhede en sy liggende ooptes. Niks kan egter verander nie. Dit bly uit geloof tot geloof.

In hierdie teks het Maarten Luther die waarheid ontdek dat 'n mens se saak met God nie regkom deur jou verdienste of goeie werke nie, maar alleen deur die geloof, alleen uit genade. Vandag is dit alleen die Gereformeerde godsdiens wat hierdie waarheid omhels.

Glo jy in Jesus Christus, die Seun van God? Dank Hom vir sy genade en leef in die heerlike sekerheid van sy vryspraak, ook by die wisseling en onsekerheid van die tyd.

Sing: Psalm 33:5, 6 (Totius)

Prof. CFC Coetzee (Emeritus)